

8

DIE BRANDENDE BOS God gee vir ons werk

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God aan mense werk gee en hulle help om dit te doen.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- die hoofpunte van Moses se geskiedenis by die brandende bos kan weergee.
- weet dat God ook aan hulle werk gee en hulle help om dit te doen.

Gesindheid

Die kinders moet bly wees dat God ons krag gee om sy opdragte uit te voer.

Vaardigheid

Die kinders moet gelei word om prakties iets vir God en hul medemens te gaan doen.

MEER INLIGTING (Eksodus 3 en Eksodus 7)

Die volk Israel het in Egipte gewoon. Daar het hulle die Egiptenaars se slawe geword. Moses was ook 'n Israeliet. Hy het gesien hoe 'n Egiptenaar 'n Israeliet slaan. Moses het só kwaad geword dat hy die Egiptenaar doodgeslaan het. Die farao, die koning van die Egiptenaars, wou Moses daarvoor laat doodmaak, maar Moses het gevlug en in die woestyn by 'n man met die naam Jetro gaan bly. Moses het die man se skape opgepas.

Eendag sien Moses op die berg 'n bos wat brand. Dit was vir hom vreemd dat die bos nie uitbrand nie. Hy stap toe nader om te kyk wat aan die gang is. Toe praat 'n stem uit die vuur met hom. Dit was die Here wat met hom gepraat het. *Moenie nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.* Die Here het vir Moses gesê om

Egipte toe te gaan en die Israeliete uit die mag van die farao te gaan red. Moses wou eers nie gaan nie, want hy was bang. Hy het allerhande verskonings gemaak hoekom hy dit nie kan doen nie. Hy het onder andere gesê dat hy nie goed kan praat nie. Die Here stuur toe vir Aäron, dit was Moses se broer, om saam met Moses te gaan en saam die praatwerk te doen. Die Here verseker Moses dat Hy hulle sal leer wat om te doen.

Die Here het vir Moses en Aäron ook die gawe gegee om wonders te doen om die farao te oortuig dat God hulle gestuur het. Moses en Aäron het na Egipte gegaan en al die wonders daar gaan doen. Hulle het vir die farao gesê om die Israeliete te laat trek. Toe die farao dit nie wou toelaat nie, het die Here 10 plae gestuur. Die farao en sy onderdane het na die 10de plaag besef dat God vir Moses en Aäron gestuur het. Die farao het Moses en die Israeliete na die land wat die Here vir hul belofte het, laat trek.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Kleurpotlode.
- Potlode.
- Lees die Skrifgedeeltes by MEER INLIGTING hierbo.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 524: 3 as gebed.

*Ek hoor U roep; ek ken u stem;
ek luister na u woord.
Laat, Here, ons gehoorsaam wees;
U dien soos wat dit hoort.
Waar kan 'n groter vreugde wees,
o Vader, Seun en Gees?
Deur omgee en met uitreik, Heer,
gaan ons met blydschap voort. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer hoe die volgende uit die vorige faseles, Les 2, afgeloop het:
 - Laat enkele kinders vertel watter positiewe dinge hulle in ander mense raakgesien het.
 - Laat enkele vertel wat anders en spesiaal is aan 'n maat of 'n juffrou by die skool.
- Kyk of hulle die volgende vrae kan beantwoord:
 - Na wie se beeld is ons geskape? (*God het ons na sy beeld gemaak.*)
 - Wat beteken dit? (*Dit beteken ons moet die skepping oppas en bewerk.*)
- Laat enkele vertel vir wie hulle spesiaal is. Lei hulle om ook daarby uit te kom dat hulle vir God spesiaal is.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra of hulle al iewers van Moses gehoor het. Laat een of meer van die kinders kortliks vertel.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van Moses.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Die volk Israel was slawe in Egipte.
- Moses het 'n Egiptenaar doodgeslaan.
- Moses het gevlug en in die woestyn by 'n man met die naam Jetro gaan werk.
- Moses het 'n bos gesien wat brand en nie ophou brand nie.
- Die Here het met Moses uit die bos gepraat.
- Die Here het vir Moses die werk gegee om Egipte toe te gaan en die Israeliete te gaan red.
- Moses het allerhande verskonings gehad om nie te gaan nie.
- Aäron, Moses se broer, het saam met Moses gegaan om die praatwerk te doen.
- Die Here het vir Moses die gawe gegee om wonders te doen.
- Moses en Aäron het vir die farao gesê om die Israeliete te laat trek.
- Toe die farao weier, het die Here 10 plaes gestuur.
- Na die 10de plaag het die farao die Israeliete laat trek.
- God het Moses gehelp om sy werk te doen.
- God help ons ook om werk vir Hom te doen.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle die prent van Moses en die brandende bos inkleur.
- Laat hulle die woord wat uitgelaat is, invul.
 - God het vir Moses gegee. (*werk*)
 - God het ook vir ons gegee om vir Hom te doen. (*werk*)

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle die werk wat hulle vir die Here gaan doen in hul boeke merk.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Die Here het met Moses uit die brandende bos gepraat.
- Moses moes vir die Here die volk Israel uit Egipte gaan uitlei.
- Moses het allerhande verskonings gehad om nie te gaan nie.
- Moses en Aäron het vir die farao gesê om die Israeliete te laat trek.

- Toe die farao weier, het die Here 10 plae gestuur.
- Na die 10de plaag, die dood van die eersgeborenes, het die farao die Israelitee laat trek.
- Die Here het Moses gehelp om werk vir Hom te doen.
- God help ons ook om werk vir Hom te doen.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Belangrik:

Reël dat die graad 2-ouers volgende week se klas kom bywoon.